

## HOOFSTUK 16: DISSIPLINÊRE OPTREDE

### 1. INLEIDING

- 1.1 Die grondwet bepaal in artikel sewe-en-twintig (27) dat Reglemente oor dissiplinêre optrede uitgevaardig en hoe daarmee gehandel moet word.
- 1.2 Hierdie hoofstuk handel verder rondom optrede teenoor lede en nie-lede wat vrywillig aan aktiwiteite van *Die Voortrekkers* deelneem.

### 2. ALGEMEEN

- 2.1 Dissiplinêre optrede is nodig om te verseker dat lede en nie-lede wat aan aktiwiteite van *Die Voortrekkers* deelneem binne die bepalings van die grondwet, reglemente en prosedures optree.
- 2.2 Dissiplinêre optrede is verder nodig om die goeie naam van *Die Voortrekkers* in terme van sy grondslag, wese, doelstellings, Voortrekkerkode en bepalings in lidmaatskap-brosjyre te handhaaf.
- 2.3 Elke volwassene wat aan aktiwiteite van *Die Voortrekkers* deelneem moet die volgende ondernemings onderteken wat in die lidmaatskapvorms (L2 en L11) opgeneem is:  
*“Dat ek kennis neem dat ek my aan die bepalings van die grondwet, reglemente en standaard prosedures van Die Voortrekkers onderwerp en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien ek die beginsels daarvan of ander landswette oortree.”*  
*“Ek aanvaar dat ek in die uitvoering van my Voortrekkerverpligtinge gestuit kan word, indien daar na die redelike oordeel van die betrokke bestuursliggaam ondersoek ingestel moet word na my optrede, omdat dit dalk daarop sou dui dat dit in stryd is met die grondwet, reglemente en standaard prosedures van Die Voortrekkers.”*
- 2.4 Elke ouer of wettige voog van 'n kind wat aan aktiwiteite van *Die Voortrekkers* deelneem moet die volgende onderneming onderteken wat in die betrokke lidmaatskapvorms (L1 en L10) opgeneem is:  
*“Dat ek kennis neem dat my kind hom/haar aan die bepalings van die grondwet, reglemente en standaard prosedures van Die Voortrekkers onderwerp by aanvaarding van sy/haar lidmaatskap en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy/sy die beginsels daarvan of ander landswette oortree.”*  
*“Ek aanvaar dat my kind se deelname aan Voortrekkeraktiwiteite tydelik opgeskort kan word, indien sy/haar optrede na die redelike oordeel van die betrokke bestuursliggaam, ernstig in stryd is met die grondwet, reglemente en standaard prosedures van Die Voortrekkers.”*
- 2.5 Daarstelling van 'n dissiplinêre komitee:
  - 2.5.1 Vir alle aktiwiteite wat deur *Die Voortrekkers* aangebied word moet 'n dissiplinêre komitee vooraf deur die betrokke bestuursliggaam of bestuur van 'n aktiwiteit saamgestel word wat ten minste sal bestaan uit 'n sameroeper, sekretaris en een (1) bykomene lid.
  - 2.5.2 Die name van die komitee moet vooraf aan almal bekend gemaak word.
  - 2.5.3 In die geval van kleiner aktiwiteite soos 'n spankamp is die bevelvoerende offisier verantwoordelik om die taak van 'n dissiplinêre komitee te hanteer.
  - 2.5.4 Indien 'n dissiplinêre komitee nie vooraf aangewys is nie sal die voorsitter en sekretaris van die betrokke bestuursliggaam of bevelvoerende offisier en sekretaris van die betrokke aktiwiteit toesien dat 'n dissiplinêre komitee van drie (3) lede behoorlik aangewys word om 'n dissiplinêre aangeleentheid te hanteer.
  - 2.5.5 Indien 'n lid van die dissiplinêre komitee self by 'n oortreding betrek word moet 'n ander persoon deur die betrokke bestuursliggaam of bestuur van die betrokke aktiwiteit aangewys word om op die dissiplinêre komitee te dien.
- 2.6 Enige bykomende prosedures (reëls) vir 'n bepaalde aktiwiteit asook enige spesifieke dissiplinêre optrede wat verwag kan word moet vooraf en met aanvang van die aktiwiteit aan ouers, kinders en volwassenes deurgegee word.

### **3. HANTERING VAN 'N DISSIPLINÊRE AANGELEENTHEID**

- 3.1 Indien 'n dissiplinêre komitee op welke wyse ook kennis neem van 'n persoon wat die grondwet, reglemente of enige standaard prosedures van *Die Voortrekkers* of bykomende prosedures (reëls) van die betrokke aktiwiteit oortree, moet die dissiplinêre komitee onmiddellik die saak hanteer.
- 3.2 Indien die oortreding van 'n **minder ernstige aard** is word die saak afgehandel deur 'n mondelingse waarskuwing of 'n toepaslike straf waartoe ooreengekom word onderhewig aan ondergenoemde bepalings: (HDB 201311 – 7.10)
- 3.2.1 Sinvolle straf soos gewone bykomende dienswerk tydens die aktiwiteit is opwas, opruim, skoonmaak en dies meer wat in vrye tyd afgehandel moet word. Die tydperk hiervan word beperk word tot een (1) sessie.
- 3.2.2 Die ontneming van enkele voorregte soos laat aand kuiertyd. Die tydperk word ook beperk tot een (1) sessie.
- 3.2.3 Geen straf mag 'n persoon verneder of inbreuk maak op sy/haar reg op privaatheid nie.
- 3.2.4 Geen straf mag inbreuk maak op die persoon se deelname aan die betrokke aktiwiteit nie, tensy 'n stuiting soos in artikel twee (2) omskryf uitgevoer is nie.
- 3.2.5 Geen “strafparades” of “fisiese oefening” of “lyfstraf” mag gebruik word om persone te straf nie.
- 3.3 Indien die oortreding van 'n **meer ernstige aard** is moet dit behoorlik as volg hanteer word:
- 3.3.1 Die klagte moet op skrif gestel word.
- 3.3.2 Die volle dissiplinêre komitee moet teenwoordig wees tydens die hantering van die klagte.
- 3.3.3 Die persoon teen wie die oortreding ondersoek word moet vooraf skriftelik of mondelings deur die voorsitter in kennis gestel word van die oortreding wat ondersoek gaan word.
- 3.3.4 Daar moet ruim geleentheid wees vir aanhoor van die hele saak en ander persone betrokke moet toegelaat word om inligting beskikbaar te stel.
- 3.3.5 Die saak kan ook afgehandel word deur 'n mondelingse waarskuwing of 'n toepaslike straf waartoe ooreengekom word soos omskryf in artikel 3.2.
- 3.3.6 Indien die dissiplinêre komitee van mening is dat die erns van die oortreding dit noodsaak dat 'n persoon nie verder toegelaat mag word om aan aktiwiteite van Die Voortrekkers deel te neem nie moet 'n stuitingsaksie in skrif uitgevoer word deur die betrokke bestuursliggaam of bestuur van die betrokke aktiwiteit.
- 3.3.7 Indien 'n jeuglid of skoolgaande nie-lid gestuit word tydens 'n aktiwiteit of die oortreding van 'n ernstige aard is, moet die saak onmiddellik verwys word na die plaaslike Voortrekkerkommando se dissiplinêre komitee vir verdere hantering en die gebiedsdagbestuur moet dienooreenkomstig ingelig word.
- 3.3.8 Indien 'n volwasse lid of nie-lid gestuit word tydens 'n aktiwiteit of die oortreding van 'n ernstige aard is moet die saak onmiddellik verwys word na die gebiedsbestuur se dissiplinêre komitee vir verdere hantering.
- 3.4 Indien die oortreding van 'n **baie ernstige aard** is moet die betrokke bestuursliggaam of bestuur van die aktiwiteit se dissiplinêre komitee onmiddellik 'n stuitingsaksie in skrif uitvoer en hanteer soos in artikel 3.3.7 en 3.3.8 hierbo uiteengesit. Die dissiplinêre komitee is ook verplig om op te tree binne die bepalings van toepaslike wetgewing in oorleg met die betrokke bestuursliggaam van *Die Voortrekkers* en toepaslike wetstoepassers. (soos SAPD/Maatskaplike werker)

### **4. FORMELE ONDERSOEKLIIGAME**

- 4.1 In die geval van skoolgaande kinders moet die saak binne tien (10) skoolkalenderdae deur die betrokke kommandobestuur se dissiplinêre komitee in behandeling geneem word.
- 4.2 Appèl teen die bevinding van 'n kommandobestuur se dissiplinêre komitee is moontlik na die betrokke oordagbestuur, gebiedsdagbestuur en gebiedsbestuur. Die beslissing van die gebiedsbestuur is finaal.
- 4.3 In die geval van volwassenes moet die betrokke gebiedsdagbestuur of die

hoofdagbestuur se dissiplinêre komitees die ondersoek binne tien (10) dae in behandeling neem.

- 4.4 Appèl teen die bevinding van 'n gebiedsdagbestuur se dissiplinêre komitee vind na die gebiedsbestuur, hoofdagbestuur en die hoofbestuur plaas. Die beslissing van die hoofbestuur is finaal.

## 5. FORMELE ONDERSOEK

- 5.1 Alle formele ondersoeke vind *in camera* plaas en notule word slegs in hooftrekke geneem.
- 5.2 Die oortreding moet vooraf skriftelik verwoord wees en aan die betrokke partye beskikbaar gestel word.
- 5.3 Sodra 'n ondersoek begin, word die oortreding die besit van die betrokke bestuursliggaam en dissiplinêre komitee. Dit kan nie sonder die toestemming van die bestuursliggaam teruggetrek word nie.
- 5.4 By alle ondersoeke geld die reëls vir natuurlike geregtigheid. Hierdie reëls sluit onder meer die volgende in:
- 5.4.1 Dat die ander kant van die saak op elke punt ook aangehoor moet word;
- 5.4.2 Dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie;
- 5.4.3 Dat skuld redelikerwys bewys moet word
- 5.5 Die dissiplinêre komitee kan enige getuie of stuk getuienis by die ondersoek betrek indien dit na hulle oordeel op die saak betrekking het.
- 5.6 By skuldigbevinding moet die tugmaatreëls in ooreenstemming met die graad of erns van die oortreding wees. In uiterste gevalle kan 'n lid se pos in *Die Voortrekkers* hom ontnem word en/of kan sy lidmaatskap beëindig word.
- 5.7 'n Klaer of aangeklaagde verbeur sy lidmaatskap onmiddellik wanneer hy besonderhede in verband met die saak openbaar maak terwyl die ondersoek nog aan die gang is.

## 6. STUITING

- 6.1 Enige Voortrekker wat weens enige rede nie sy taak voluit en met entoesiasme op 'n bepaalde bestuursvlak uitvoer nie, of 'n verleentheid vir die betrokke bestuursliggaam skep, moet met 'n persoonlike gesprek deur lede van die betrokke bestuursliggaam tot volle meelewing met *Die Voortrekkers* opgeroep word. By gebrek aan positiewe reaksie kan hy dan versoek word om die bepaalde pos te ontruim.
- 6.2 In dringende gevalle kan 'n bestuursliggaam of bestuur van 'n kamp of ander aktiwiteit 'n lid of ander volwassene/skoolgaande kind wat by *Die Voortrekkers* betrokke is in sy Voortrekkeraktiwiteite stuit. So 'n stuiting impliseer nie dat die betrokke skuldig is nie, maar dat die betrokke bestuursliggaam op grond van inligting waaroor hy op daardie stadium beskik, nie met redelike sekerheid kan sê of die betrokke lid onskuldig is nie.
- 6.3 Die dissiplinêre komitee wat so 'n stuiting uitvoer moet die saak onmiddellik maar nie langer as tien (10) dae na stuiting aan die betrokke kommandodagbestuur of gebiedsdagbestuur rapporteer wat dan die saak formeel ondersoek en na bevinding van sake verdere stappe neem of die stuiting ophef.
- 6.4.1 In alle gevalle van stuiting moet die formele ondersoek binne tien (10) skoolkalender/ of kalenderdae nadat die saak aangemeld is deur die betrokke ondersoekliggaam soos in paragraaf vier (4) van hierdie hoofstuk beskryf 'n aanvang neem. Indien die ondersoekliggaam nie binne tien (10) dae met die ondersoek begin nie, moet goedkeuring vir uitstel van beide die klaer en aangeklaagde verkry word.